

Sondag, 30 Augustus 2020
Fokusteks: Matteus 16:21-28

“Remote control christenskap”

Een van die wonderlikste uitvindings is ‘n kontrole vir afstandbeheer, of soos ons padlangs praat, die *remote control*. Dit maak die lewe aansienlik geriefliker. *Remote control*-garagedeure, *remote control* veiligheidshekke voor jou erf. *Remote control* vir jou alarmstelsel. *Remote control* vir jou TV en dekodeerder. En kyk maar net hoe opstandig raak ons as die *remote* weg is. *Wie het laas die “remote” gehad!* Die ding met ‘n afstandbeheer is natuurlik dat dit die lewe vir jou soveel geriefliker maak. Jy hoef nie uit te klim om die garagedeur in die stortreën oop te maak nie, jy hoef nie op te staan om die TV harder of sagter te sit nie, jy doen alles vanuit die gerief van jou motor se sitplek of jou rusbank. Dis net eenvoudig baie minder moeite. Kom ons kyk vandag of daar so-iets bestaan soos “remote control christenskap.” Met ander woorde, om Jesus te volg sonder dat dit veel moeite of pyn van ons vra.

Lees weer Mat.16:24: *As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg.*

Hoekom sou Jesus so-iets sê? Wel, mens moet dit sien teen die agtergrond van hoekom Jesus in die eerste plek na die aarde en die mensdom gestuur is. Hy het gekom om ‘n opdrag uit te voer. Hy het gekom as ‘n dienskneg. Iemand wat sy lewe sou gee ter wille van die redding van mense. Sy pad op aarde sou ‘n pad van lyding wees. Let wel, Jesus was nie maar net ‘n ongelukkige slagoffer van omstandighede nie. Nee, dit was so bepaal deur die Vader, dit was Jesus se sendingopdrag. Die eeue-oue profesie van Jesaja 53 sou finaal in Jesus vervul word. Byvoorbeeld vers 3:

Hy was verag en deur die mense verstoet, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.

Ons hoor ook iets hiervan in die Nuwe Testament. Toe Jesus nog ‘n klein babatjie was, het sy ouers hom na Simeon geneem. Simeon het die Kindjie geseën en vir Maria gesê (Luk.2:34,35):

“Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan.”

Jesus het baie goed geweet dat dit sy lewe op aarde sou eindig aan die kruis. Geen wonder dat Hy in Mat.16:21 dit op geen onduidelike manier aan sy dissipels oordra nie. Dit is opvallend hoeveel keer Jesus die woordjie “moet” gebruik.

Hy *moet* Jerusalem toe gaan.

Hy *moet* baie ly.

Hy *moet* doodgemaak word.

Hy *moet* op die derde dag opgewek word.

Deur die loop van die Matteus-evangelie kan mens begin sien hoedat die onweerswolke om Jesus begin saampak. Hy kry al meer kritiek en teenstand, selfs al sien mense sy wonderwerke en dade van omgee en liefde. Jesus was nie gevrywaar van laster, beskuldigings en lyding nie. Hy moes sy lewe uiteindelik prysgee. Die volgelinge van Jesus moet weet dat hulle dieselfde teenstand en lyding sal ervaar. Dit is teen hierdie agtergrond dat Jesus sê ons moet elkeen ons kruis opneem as ons Hom wil volg.

Petrus was glad nie gelukkig toe Jesus aankondig dat Hy moet ly en sterf nie. Ons lees dat Hy Jesus eenkant toe geneem en Hom berispe het. Hoe kan Jesus sulke dinge sê? Hoe kan Jesus dit toelaat? Maar dan draai Jesus na Petrus en sê iets wat waarskynlik vir Petrus tot stilstand geruk het. Jesus noem Petrus ‘n *satan* (vers

23): *“Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.”*

Sjoe, wat 'n verskriklike woord om te hoor. Petrus se naam beteken “rots,” maar nou is hy eerder 'n “struikelblok.” Nie 'n rots wat vastigheid en stewigheid verteenwoordig nie, maar 'n klip waarteen jy jou stukkend stamp. Nou verstaan ons ook beter wat die doel van Satan is, naamlik om God te probeer verhoed om sy heerlike doelwit met die mens te bereik. Dit is iets waarvoor elkeen van ons goed moet nadink. Wanneer ek in die pad staan van God se plan, tree ek op soos satan. Dit is presies wat die Satan vroeër probeer doen het toe hy Jesus in die woestyn versoek het (hfst.4). Petrus staan ook hier in die pad van God se plan. Waarom sou Petrus so reageer? Sy reaksie moet verstaan word teen die agtergrond van wat hulle verwagting van Jesus was. Hulle het gedink Israel sal as uitverkore nasie herstel word. Hulle vyande en verdrukkers sal vernietig word, en hulle sal, as dissipels van Jesus, die ereposisies inneem. Maar nou gaan Jesus doodgemaak word, Hy gaan sterf. Wat bly daar oor van hulle verwagtinge? Hulle het dan alles net so gelos om Jesus te volg. Hulle het nie verwag dat die pad agter Jesus aan deur die kruis sou wees nie. Die dissipels weet alte goed hoe kruisigings in daardie tyd plaasgevind het. Iemand wat sy kruis optel, is iemand wat weet dat dit eenrigtingverkeer is, op pad na die dood, daar is nie omdraaikans nie. As Jesus vir hulle sê hulle moet hul kruis opneem, is dit in hulle oë die einde van die pad.

'n Amerikaanse predikant skryf oor 'n advertensie van 'n evangelisasieveldtog wat hy raaksien, *“Come and find peace of mind, physical healing and freedom from financial difficulty!”* Nou kyk, wie sal nie dit begeer nie? Wat meer is, jy kan selfs tekste gebruik (misbruik?) om die advertensie te regverdig. Die Here sê tog in Mat.11:28 dat almal wat uitgeput en oorlaai is, na Hom toe moet kom, en Hy sal hulle rus gee. Joh.14:14 sê, vra net iets in die Naam van Jesus, dan doen Hy dit vir jou. En Mal.3:10 sê, bring jou tiende na die Here en toets Hom om te kyk of die seëninge van die hemel nie oor jou sal spoel soos reën nie. Ja-nee, dit klink soos 'n *bargain!* Word 'n christen, volg Jesus, en daar het jy dit; 'n lewe sonder moeite met die minimum probleme. Dit is soos ons koppe maar werk; jy sal kyk waar jy met die minste moeite of geld, die meeste waarde kan kry. Daarom is ons so lief vir spesiale aanbiedinge en uitverkopings – die pryse is afgemerkt. Jy kry dieselfde item vir minder geld.

Die prys om Jesus te volg, kom egter nie af nie, dit gaan eerder op! Jy moet jou lewe weggee. Jy moet jou eie-ek prysgee. Dit gaan nie meer oor jou nie, maar oor Christus. Jy moet volledig “JA” sê vir God se wil en volledig “NEE” sê vir die sonde. Dietrich Bonhoefer skryf in sy boek, *Cost of Discipleship, ...cheap grace is a grace without discipleship, grace without the cross...*

Petrus was op hierdie moment nie net 'n “remote control christen” nie, maar ook 'n “generiese christen.” Net soos generiese medisyne. Dit doen dieselfde werk, maar sonder die hoër prys! Die mens soek 'n kortpad na die heerlikheid, 'n kitsoplossing – 'n Messias wat hulle vyande en probleme met een woord op hul plek sal sit. Die mens soek nie 'n Messias-koning wie se pad kruislangs loop nie.

Wat beteken dit in praktiese terme om jou lewe weg te gee? Kyk na Jesus en hoe Hy met mense omgegaan het. Dit is 'n lewe van diensbaarheid. Dit is dade van barmhartigheid aan mense wat dit nodig het. Dit is om deur die swaarkry en pyn van mense aangeraak te word en dit saam met hulle te dra soos wat die Here dit vir jou wys. Dit vra moeite en opoffering, maar in ruil daarvoor kry ons iets baie beter. Jesus sê in vers 25 dat Hy ons lewens weer vir ons sal teruggee. As Jesus na die satan in die woestyn sou luister, en as Hy na Petrus sou luister, sou God se plan van redding en vergifnis van sonde nie tot uitvoering gekom het nie. Dan was daar vir ons geen wins of verlossing nie. Net so sal my eie planne, my eie doelwitte, geen betekenis hê as dit net oor my eie behoeftes gaan nie. Wanneer my lewe egter gerig is op God en op my medemens, sal ek 'n lewe ontvang en ervaar wat sinvol is. 'n Lewe wat my waarlik wins sal gee, naamlik die belofte van 'n nuwe en ewige lewe saam met God.

Deur die lyding, sterwe, opstanding en wederkoms van Christus giet die Here sy genade, omgee en liefde oor jou uit! Gee dan jou eie-ek prys, en laat toe dat die Here jou hart, jou gebede en jou hande gebruik om ander mense met sy barmhartigheid te bedien.

GEBED (Lied 488)

1. Helder skyn u lig vir die nasies,
'n vreugdeglans om die mense te verlig
tot die hele wêreld kan sien U is die lig.

Mag u lig, Heer, deur ons skyn.

3. Balsem bring herstel vir die wonde,
'n sagte salf vir die mense met hul seer
tot die hele wêreld kan sien dat U genees.

Mag u troos, Heer, deur ons bied.

4. Heer, u Woord gee hoop aan die nasies;
'n hart vol hoop om die volke te verbly
tot die hele wêreld kan glo dat U bevry.

Mag u hoop, Heer, deur ons gee.